*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 31 Mei 2026**
**Drie-Eenheidsondag**
**Dag van Hoop en Heling**

## Goud en silwer het ons (nie?), maar wat ons (nie?) het, dit gee ons (nie?) vir jou: ‘n Naam, lewe en lof!

*“Petrus, vergesel van Johannes, het stip na hom gekyk en gesê: ‘Kyk na ons!’*
*Hy het toe na hulle gekyk in die verwagting om iets van hulle te ontvang.*
*Maar Petrus het gesê: ‘Goud en silwer het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!’*
*Hy het hom aan sy regterhand gegryp en opgehelp. Onmiddellik...*
*Hy het opgespring, regop bly staan, rondgestap en toe saam met hulle die tempelterrein binnegegaan, terwyl hy loop en spring en God prys.”*
(Handelinge 3:4-8)

Wat het ons?

Hier, een Sondag ná Pinkster, in die vroegwinter van ’26? In die seisoen van onsekerheid, wat maar net nie van ons land wil wyk, nog minder uit die wêreld – wat het jy?

Opmerklik waar dié vraag na gelowiges van ouds gekom het. Moses, op die Berg Horeb by die brandende bos, wanneer God hom stuur, maar Moses twyfel – *“Wat het jy daar in jou hand, Moses?” “’n Staf, Here”* (Eksodus 4;2-3). Elisa, die profeet, aan die weduwee, voordat hy ‘n wonder laat gebeur: *“Vertel my wat jy in jou huis het.” “’n Kruikie olie, Meneer”* (2 Konings 4:2). Jesus aan sy dissipels, wanneer dit laatmiddag word en die groot skare mense honger: *“Hoeveel brode het julle?” “Sewe, en ‘n paar vissies”* (Matteus 15:33-34).

Wat hét ons? Wat het ons nié? Vrae oor roeping, en getuienis...

Petrus (en Johannes) begin deur dadelik aan die verlamde bedelaar by die tempelpoort te sê wat hul nie het nie: Goud en silwer, geld en mag, aansien en eer. Dit is in die dae ná die Pinksterwonder, en vyftig dae na Jesus se opstanding. Hul beide – Petrus en Johannes – is “afgetrede” vissers, nou ná drie jaar saam met Jesus op die oop pad, twee gestuurdes; “apostels”. Geld het hul nie. Máár, vir ‘n rukkie al daar in Jerusalem, is hulle deel van ‘n geloofsgemeenskap van oor die 3 000 sterk, en groeiend. Wat hul hét, is ‘n gemeente wat *“volhard in die leer, in die verbondeheid met mekaar, die breek van die brood, en gebede”* (Handelinge 2:42). Wat hulle hét, is samesyn en ‘n deel met mekaar en eensgesindheid en *“uitbundige blydskap en opregte harte”* (2:46). Wat hulle hét, is ‘n pryslied vir die Here en die goedgesindheid van die volk (2:47). Nie omdat daar geld was nie, juis nie...

Maar, omdat daar ‘n Naam tussen hulle geleef het en oor hul uitgeroep was – die Here Jesus. Omdat hulle gewag het op die belofte van die Vader, en Hy getrou was. Omdat die Gees oor hul uitgestort was, hulle toegerus en uitgestuur was. Die Drie-Enige God, bý hulle. Dít het hulle geglo – is dit dalk ál wat ons (nodig) het? En kan deel, ... of nie?

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; ds. Johan Marais en Matildie Wium in die saal.
Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

**Verwelkoming...**

**Aansteek van die Wydingskers**

**Oomblik vir bewuswording en stilgebed**

**Wydingslied:** "Gees van God wat lewend maak" (Lied 442:2)

**Votum en Seëngroet**

**Loflied:** "Prys die Here, loof en prys Hom!" (Psalm 146:1, 3, 5, 6) (staande)

**Gebed**

**Gebedslied:** "Gees van God wat in my woon" (Lied 442:1)

**Skriflesing:** Handelinge 2:1-4 en 2:42-47 (parafraseer)
Handelinge 3:1-13a

**Woordbediening**

**Moment vir Stilgebed**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Danklied:** "Hoe heerlik is die Jesus-naam!" (Lied 264:1, 2, 3 en 4)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Halleluja! Ons loof U, Heer" (Lied 449:1, 3 en 4)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 31 Mei | 18:00 – Ds. Jan Lubbe & paneel (Dag van Hoop en Heling). |
| Sondag, 7 Junie | 09:30 – Ds. Janke Hurter (gesamentlik; doop). |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Geen aanddiens; opening van Sinode Vrystaat in Bothaville. |
| Sondag, 14 Junie | 09:30 – Ds. Jaco Thom |
| | Geen Gesins-, Sotho- of Aanddiens (langnaweek). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

31 Mei Iné Botha, Petro Coetzer, Pieter Klindt, Piet le Roux, Ina Marais, Mia Streicher en Frikkie van Straaten.
01 Junie Reynardt Breytenbach, Stephan Meintjes, Dian Pienaar, Diaan Rossouw, Christoff van der Schyff en Martelize Weyers.
02 Junie Petri Crause, Ursula Hanekom, Hantie Meyer en Gretha Zietsman.
03 Junie Kayden Badenhorst en Gawie Pistorius.
04 Junie Ria Jacobs, Thenette Mulder, Nic van Wyk en Marietjie Wilken.
05 Junie Gloudine Boshoff, Johannes Liebenberg, Anja Louw en Hendrik van Wyk.
06 Junie Wilna Becker, Reinhardt Bezuidenhout, Lika de Villiers, Johan Marais, Hermie van Zyl en Chris Venter.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Kathy Jansen (Siësta, wyk 10); Marina Voges (Edelrood 5, Kiepersol, wyk 16); Petro Coetzer (Noorderbloem, wyk 17); Rikus van Pletzen (Dickie Clark-str 6, wyk 5b); Tannie Anna van der Westhuizen (Serenitas133, wyk 15); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Christina Müller (Noorderbloem); Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15) en Elsabe Jansen van Rensburg (Santé 202, wyk 18b). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30-jariges o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

**KERKRAADSAKE**

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Mei** was **Wyke 13**, **14** en **15** aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – ons hartlike dank aan hulle! **Junie** is **Wyke 16** (**Kiepersol**) en **17** (**Noorderbloem**) se beurt. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

Jou jongste uitgawe van die **Kerkbode** wag op die tafel in die voorportaal van die kerk!

**55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat, 7-10 Junie 2026 te NAMPO:**Ons gemeente se verteenwoordigers is di Jan Lubbe en Janke Hurter, en oudle. Ellen-Anne en Marius Swart, Jaco van Niekerk en Jacques Potgieter. Laat ons nou reeds bid vir hierdie Sinode.

## BEDIENINGE

### GEMEENTEBEDIENING

**Kermis 2026: 18 September 2026**

Berg-en-Dal se 70 jaar-vieringe bereik 'n hoogtepunt in September – lidmate word genooi om te help beplan; dagboek die datum en kontak kermisvoorsitter JP Joubert met voorstelle (079 903 4332).

**Vrouebediening: Twee Breiprojekte!**

Almal in Berg-en-Dal wat kan brei – haal uit die penne! Ons loods twee breiprojekte vir die koue maande wat voorlê: die Poppie-projek vir kinders by Sunflower House, ENGO en ander oorde; en die Vroetelmoue-projek vir bejaardes met demensie/Alzheimer – kontak Germarie Adendorff (079 038 4038) vir meer inligting en patrone of om wol te skenk...

### GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

**Dag van Hoop en Heling 2026: "Vergifniswerk – ín my, vir ander én myself"**

Ons nooi graag almal uit om vanmiddag om 16:00 'n werkswinkel oor die werking van vergifnis in mens se binneste te kom meemaak, met skrywer Johannes de Villiers, sielkundige Leoni Moolman en Hanneke Lubbe van Hospice Bloemfontein. Vrae soos die noodsaak van vergifnis, die werking van vergifnis en die geskenk van vergifnis (ook nader aan die einde van my lewe) word bespreek. Daarna geniet ons 'n koppie sop en 'n broodjie, en dan sluit ons met die aanddiens in die kerk af, gelei deur ds Jan Lubbe (oor een van Jesus se vergifnis-gelykenisse, en 'n kort toepassing deur die drie sprekers). Almal welkom!

**Gasvryheid nodig:**

Gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler) het weer hul uitreik na die Noorde en slaap hier by Mooigenoeg oor; ons wil help met hul aandete vir Vrydagaand, 26 Junie vir ± 50 lidmate. Kontak die kerkkantoor (073 180 3193) asb. ...

**Torings van Hoop: Projek "WinterHoop 2026"**

Die winterinsameling vir behoeftige mense in ons stad (nie-bederfbare kos en toiletware), skop in Junie af, en Berg-en-Dal is 'n aflaaipunt vir ons area. Bring gerus na die Kerkkantoor.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 31 Mei: **Kommunikasie (Vrypos).** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Met Herfs en Oestyd tussen Pase en Pinkster, sê ons as gemeente ook dankie, vir al God se guns en goedheid. Ons mikpunt is R 620 000; ons staan nou op R 270 103,00. Baie dankie aan elkeen wat reeds bygedra het…

**Vrouediens se Sondagpoeding, 31/5:**

'n Verskeidenheid smullekker poedings wag ná die erediens in die kerksaal.